VERSAMELKUNS GR 4 (C)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die beginsels en toepassing van beplanning te leer.
2. Te leer om sinvolle en leersame versamelings te maak.
3. Te laat kennis maak met die korrekte wyse om te versamel.
4. Te leer hoe om versamelings sinvol te berg.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kennis inwin wat oor versamelings handel en korrek gebruik
2. Gelei word sodat die keuse van sy versameling sinvol en opvoedkundig van aard is.
3. Die werkswyse moet, onder leiding van die Offisier, deeglik beplan en uitgevoer word.
4. Bewus wees van die rol wat korrekte berging speel.
5. Sy versameling self rangskik en monteer.
6. In staat wees om oor sy versameling te gesels en leersame feite uit te wys.
7. Die versameling moet aan die volgende vereistes voldoen:
   - elke item moet voorsien wees van ’n naam, plek van fonds, interessante gegewens.
   - rangskikking moet logies en kunstig wees.
   - minstens 30 voorbeelde moet versamel word.

C AANBIEDING

1. Die Offisier moet die vereistes deeglik met die betrokke kind behandel, want dit is die basiese vertrekpunt.
2. Om verwarring en misverstande uit te skakel moet die Offisier al die vereistes en sperdatums wat hy stel vir die versameling op skrif aan die kind gee.
3. Die Offisier moet voortdurend vra hoe dit gaan met die versameling en ook raad gee waar nodig. Hou deeglik kontrole oor die vordering.